BEGRAFNISFORMULIER

Geliefdes in die Here Jesus Christus

Ons Hemelse Vader het dit so beskik dat NN deur die dood van ons weggeneem is. Hoewel die dood van 'n geliefde 'n groot verlies is waardeur ons diep bedroef word, gee die Here self sy troos en bemoediging.

Hy het ons beloof dat Hy ons smart verlig, dat Hy ons met sy liefde en krag bystaan en dat Hy verder met ons gaan.

Joh 11:25 Die Here Jesus het ook gesê: "Ek is die Opstanding en die Lewe. Wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe."

Deur sy opstanding het Jesus die dood oorwin en kan die gelowige uitroep: "Dood,
1 Kor 15: 54 waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel?"

1 Tess 4 :13 Daarom treur ons wel, maar nie soos die ander mense wat geen hoop het nie.

Deur die dood roep God die ongelowige mens tot bekering, en sy kind tot 'n nuwe toewyding. Jesus het vir ons aan die kruis gesterwe sodat ons nie meer vir onsself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir ons gesterf het en vir ons opgewek is.

Rom 14:8 Daarom sê ons saam met Paulus: "As ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here. Of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here."

Aan Hom kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid.